


5 DESEMBER 2021



TORINGKERK

nuus



SKETS DEUR NADIA VOLSCHEK (GR 7)

DIVERSITY IS ABOUT ALL OF US


JACQUELINE WOODSON

"Diversity is about all of us,
and about us having to figure out how to walk through this world together"

WELKOM BY DIE EREDIENS!

Die somer is hier, so ons eredienste begin weer 9h00, so onthou om jou wekker te stel! Kom kry gerus vir jou koffie by die voordeur. Ons moedig jou aan om jou eie koppie saam te bring van die huis af.

Ons vra almal wat eredienste bywoon om asb jou masker tydens die **hele verloop** van die erediens te dra. Ons is baie bewus van COVID gevalle wat weer aan die styg is en wil alles in ons vermoë doen om almal veilig en gerus te laat voel. Baie dankie!



TWEEDE SONDAG VAN ADVENT: VREDE

Die tweede Sondag in Advent word gekenmerk deur **vrede**. Ons steek hierdie week die tweede kers aan in ons Adventskrans. Die kers van **hoop** brand reeds. Paulus bid in Filippense vir "regte" (heel) verhoudings: regte verhoudings onder mekaar en 'n regte verhouding met God. 'n Mens sou natuurlik 'n "regte" verhouding met die natuur kon byvoeg.

Dit is die prentjie van **shalom**: van God se alomvattende vredesbestaan, waar verhoudings tussen God en mens, mens en mens, en mens en natuur herstel is.

BOEKWINKEL IN DIE VOORPORTAAL BY KERSSANGDIENS!

Daar sal 'n hele verskeidenheid boeke te koop wees in die voorportaal van die kerk voor die Kerssangdiens, hierdie Sondagaand (5 Des).

R50 vir alle boeke. Dit is die perfekte kersgeskenk winskopie waarvoor jy gewag het!

Alle fondse word genereer vir die Diep en Vêr projek. **Kontak gerus vir Marli Leach (082 550 3846) vir enige verdere inligting!**



GEBEURE OM NA UIT TE SIEN

Tk Dagboek DIE DATUM



5
DES. POPPEKAS
Kom geniet die
erediens saam as gesin!



5
DES. KERSSANGDIENS
Toringkerk | 19:00



25
DES. KERSFEESDIENS
Toringkerk | 08:00



31
DES. NUWEJAARSDIENS
Toringkerk | 18:00

Hou die afkondigings en sosiale media dop vir meer inligting.
BID . SIEN . DEEL

Kantoor nr. 021 872 6730 | Epos: info@toringkerk.co.za



GEBEDSVERSOEKE

- Ons bid vir **Johan Smit** vir beterskap. Ons bid vir gesonde herstel.
- Ons bid vir **Thea Carstens** wat in Paarl Medi Kliniek se ICU herstel. Ons bid vir Niël, haar ouers, familie en vriende.
- Ons bid vir **Rina en Manie Bester** wat beide gesonheidskwessies beleef. Bid asb vir pynlose en spoedige herstel.
- Ons bid vir **Hannie Jonker** met die herstelproses na haar operasie. Ons bid vir beterskap.
- Ons bid vir die voorbereiding van die **Greyton staptoer**. Mag dit 'n geseënde tyd wees.
- Ons bid vir ons **Diep & Vêr familie**, hul gesinne, gesondheid en vrede in hierdie Kerstydperk.

As jy 'n behoefte het om blomme, 'n bord kos, geskenk of deernis by die families te gaan aflaai, gesels gerus met die leraars vir verdere reëlings. As een lid ly, ly die hele liggaam.

Kontak asb enige van die leraars as ons vir jou kan bid.

BORG 'N KOSPAKKIE!

Ons Diep & Vêr projek is nou al meer as 'n jaar oud - waar ons elke maand vir 46 gesinne kan ondersteun deur 'n kospakkie te gee.

Hoe kan jy betrokke raak?

- Borg 'n kospakkie vir R250 (betaal in by kerk)
- Samel kositems in (laai af by kerk)
- Word deel van die kospakkie-pakkers groep
- Bid vir die gesinne wat hierdie kospakkies ontvang

Kontak gerus vir Janneke vir meer inligting.



TORINGKERK BOEKWINKEL

ONS BENODIG JOU OU BOEKE!!!

Bring asseblief jou ou boeke na die Kerk kantoor en wees deel van hierdie opwindende projek. Jou bydrae kan 'n wesenlike verskil maak. Meer inligting volg binnekort!!



TORINGKERK BOEKWINKEL

Bring asseblief jou ou boeke na die kerk kantoor. Stuur 'n boodskap vir Marli by 082 550 3846 om jou deel van die Boekwinkel W-up groep te maak. Deur 'n boek te koop dra jy dadelik R50.00 by tot die Diep-en-Ver projek. Daar gaan soveel winskopies wees, jy wil dit nie mis nie!! Slegs 1 x boodskap per week geplaas op die groep - verdere kommunikasie is privaat. 😊



BAIE GELUK

met jou verjaarsdag!

05/12 Henning Booysen
05/12 Ruben Gelderblom
05/12 Charisna Groenewald
05/12 Marsha Schwartz
05/12 Adelinda Smit
05/12 Ida Uys
06/12 Rouxné Booysen
06/12 Jaymee Cooper
06/12 Marian de Wet
06/12 Mariska Nel
06/12 Adri Theron
07/12 Ria Bester

07/12 Heinrich Groenewald
07/12 Burger Koegelenberg
07/12 Elna Mulder
07/12 Riaan Muntingh
07/12 Heleen Schreuder
07/12 Johannes van der Sluys
08/12 Petrus Chandler
08/12 Louise de Villiers
08/12 Nerina du Toit
09/12 Delene Alberts
09/12 Nanna de Klerk
09/12 Melissa Delpport

09/12 Zita Jonker
09/12 Alma Muller
09/12 Adri Rousseau
10/12 Graham Gardner
10/12 Anouk Nieuwoudt
10/12 Maxi Sullivan
10/12 Bossie Theron
10/12 Mila Van der Sluys
11/12 Drikus Swanepoel
11/12 Elra van Zyl
12/12 Janine Davis
12/12 Adelaide Vogt



KERSFEES 2021 - AMANDA DU TOIT

Hierdie jaar in ons huis is die kersfeesboom al begin November op as gevolg van “want sommer”. Alreeds in einde Oktober het ek gewens dit is al tyd om die boom op te sit. Gelukkig wou die kinders die jaar ‘n reënboog kersfeesboom hê. Hulle deel nie hulle ma se minimalistiese benadering tot kersboom versiering nie. So elke week het ons ‘n kleur versiering aan die kersboom gehang. (Ek het baaaie kersversierings)

Die boom is laas naweek klaar versier toe die rooi kleur versierings opgehang is. Ek moet sê ek het die proses baie geniet en miskien is dit ons beste kersboom ooit (!). Dit was lekker dat ons ons tyd gevat het om die boom te versier. Daar was teruggestaan, verstellings gemaak, ensovoorts.

Amper soos die advent tydperk waarin ons ons nou op die Kerkkalender bevind. Elke Sondag tot Kersfees het ons die geleentheid om by ‘n tema stil te staan. Ons het alreeds laas Sondag stilgestaan by Hoop. Ons kan die komende Sondae uitsien na Vrede, Geluk en Liefde. Ons kan nuut oor hierdie temas reflekteer en rustig voor berei op die viering van Christus se geboorte met Kersfees.

Ek sluit graag af met ‘n alternatiewe Kersfees Te-Doen-Lysie vir 2021:

Koop Wees die geskenke
Stuur geskenke gunste en gawes
Deel geskenke drukkies uit
Koop Skenk kos
Gaan kyk Wees die liggies

Miskien is daar in die lysie ‘n nuwe tradisie wat julle as gesin kan begin.

Ek wens julle ‘n Geseënde Kersfees toe.





5 DESEMBER 2021

TORINGKERK

nuus

TORINGKERK ZAPPER



BID | SIEN | DEEL

OFFERGAWES, MAANDELIKSE BYDRAE EN TIENDES:



OFFERGAWES, MAANDELIKSE
BYDRAE EN TIENDES:

TORINGKERK
ABSA
TAKKODE: 632 005
REK NR: 400 590 176

MAAK KONTAK MET ONS

AS JY MET 'N LERAAR WIL GESELS, KONTAK ONS GERUS.

LERAARS

Jana van den Munckhof | 083 948 4233 | jana@toringkerk.co.za

Ryno Els | 083 610 1641 | ryno@toringkerk.co.za

JEUG/MAATSKAPLIKE WERKER

Janneke Marais | 082 831 6165 | janneke@toringkerk.co.za

KANTOOR

Annelie Koegelenberg | 021 872 6730 | info@toringkerk.co.za

ORRELIS

Mario Nell | 082 852 4536 | marionell2@gmail.com

KOSTER

Neels Visser | 082 740 7353 | neels@toringkerk.co.za

TENTMAKER/GEMEENTERAADSVOORSITTER

Dawfre Theron | 082 899 3959 | dawfre@toringkerk.co.za

TORINGKERK SELFOON

Stoor die nommer op jou foon en Whatsapp jou naam na 084 621 2094

Kontak gerus die kantoor indien jy nie die Toringkerk Nuus per epos of Whatsapp wil ontvang nie.